

Die eerste treë na 'n ontmoeting met die Here

Die lewe laat ons baie keer moeilike vrae oor Jesus vra: Is Hy werklik in staat om my donker bestaan te kan verander? Dit is 'n bekende vraag op hospitaalbeddens, by 'n oop graf of te midde van 'n verbrokkelende huwelik. Hier in Johannes 9 kry ons die verhaal van 'n blinde bedelaar wat Jesus in die donkerte van sy lewe ontmoet. Jesus genees die man deur klei aan sy oë te smeer. In hierdie daad sien die bedelaar meer as die omstanders raak. Hy kom tot volle aanskoue van die kennis en waarheid oor Jesus as sy Redder en Here.

Al twyfel die Jode en is die bure verdeeld en skepties oor Jesus, is die bedelaar dadelik oop en ontvanklik om Jesus se ingrype in sy lewe te erken en dankbaar te aanvaar. Hier op sy eerste treë met oë wat kan sien, is Jesus vir die bedelaar net die man met die Naam "Jesus". Verder weet hy niks van Jesus nie.

Wanneer die Here aan jou en my lewe kom vat, kyk Hy nie na dowwe oë om die oorsake van ons sondes na te speur nie. Hy genees onvoorwaardelik! Kon jy al iets van 'n verandering in jou lewe wys omdat jy die Here ontmoet het – dat Hy 'n sondaar tot bekering gelei het?

Sing: Psalm 46:3 (p. 237)

Dr. JL Venter (Pretoria-Annlin)